

**Woensdag 10 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 62 (AFR83)**

**Fokusgedeelte: Psalm 62:2, 3, 6, 7**

**Met onrus en angs in jou lewe vind jy net by God rus**

Dawid beleef die grootste onrus en angs in sy lewe. Dit as gevolg van onreg en geweld wat teen hom gepleeg word. Hy beskryf hierdie omstandighede baie duidelik. Hy weet van allerhande valse beskuldigings wat tot hom kom. Daar is selfs pogings om hom dood te maak (vs 4). Dawid beleef nie net die onreg en geweld in sy lewe nie, maar hy ken ook gemene mense wat die lewe vir hom moeilik maak. Mense probeer hom uitwerk en skep behae in leuns wat oor hom versprei word. Mense is agteraf en gee voor wat hulle nie is nie. Met die mond sê hulle mooi dinge terwyl hulle hom in die hart vervloek (vs 5). Dawid beleef dat sy lewe in dié omstandighede soos 'n muur is wat reeds besig is om om te val.

Te midde van al hierdie onrus en angs bely Dawid: "Net by God vind ek rus." Die struktuur waarin die Psalm geskryf is, wys daarop dat alles wat onrus en angs in verse 4 en 5 bring, omring word deur rus wat by God gevind word (vs 2-3, 6-7). Die onrus en angs word met God se rus omring. Hierdie belydenis van rus by God beteken nie dat die onrus en angs uit Dawid se lewe verdwyn nie.

Wat bring hierdie rus in sy lewe? God is vir Dawid 'n vaste rots waarop hy vas staan. God red hom en is vir hom 'n toevlug en veilige vesting in die angs en onrus. Dawid besef dat hy in hierdie angs en onrus net op God kan vertrou.

In 'n wêreld van angs en onrus versterk God ons. "Net by God vind ek rus." God stuur sy Seun Jesus Christus sodat ons in die geloof deur sy dood en opstanding, elke dag ware rus in ons lewens kan hê. Jesus sê: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee" (Matt. 11:28).

*Sing: Psalm 62-1:1,4*

*Ds. AF Berg (Fenmo) (Pongola)*